**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: van der Wes.)

STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.



# DIE MATIE



**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.



STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. | Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch | ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL 1, No. 13. | VRYDAG, 17 OKTOBER 1941. | PRYS 1d.


# Ons Standpunt i.v.m. Segregasie

## BETREKKINGS MET WITS EN U.K. MOET GEBREEK WORD

## Mosie Eenparig Aangeneem op A.N.S.-vergadering

**In sy toespraak voor die A.N.S.-vergadering verlede Maandagaand, het dr. A. I. Perold die A.N.S. geluk gewens met hulle gesonde standpunt i.v.m. segregasie. Dre. P. J. Coertze, B. I. C. van Eeden en Mnr. F. J. Language, almal lektore in die Departement van Volkekunde en Bantoetale het die Afrikaner standpunt i.v.m. segregasie baie duidelik gestel en hulle ten gunste van 'n sterk beleid, wat segregasie aan Universiteite betref, verklaar. Hierna is die volgende, as die formulering van die standpunt van die vergadering, eenparig aangeneem.**

Hiermee wens ons as A.N.S.-tak van die U.S. op ondubbelsinnige wyse ons standpunt te stel teenoor die stryd oor die beginsel van rassesuiwerheid wat deur NUSAS op die Suid-Afrikaanse universiteite ingesleep is.

Die botsing t.o.v. hierdie vraagstuk tussen die Christelik-Nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner en die liberalistiese sienswyse wat deur dweepsieke oorsese genootskappe vir die eerste keer sterk in ons land gepropageer is, en vandag nog voortwoeker in die kamp van die liberalistiese volksethos en volkseie. Hierdie nuwe oplewing van die eeu-oue stryd tussen die onversoenbare leerstellings van rassesuiwerheid en dié van gelykstelling, het ontstaan toe U. Wits hierdie gelykstellingsbeleid nie alleen deurgevoer het met betrekking tot die toelating van nie-blankes as studente nie, maar toe dieselfde eetkamers en laboratoria vir blank en nie-blank aangewys is. Enkele tafels is wel vir blankes afgesonder onder die opskrif: „slegs vir blankes." Dit is dus die Afrikanerstudent wat hierdeur gesegregeer is, instede van die naturel.

Deur Fort Hare en sy hele gemeenskap uit te nooi om by NUSAS aan te sluit, het die liberaliste finaal die wig ingedryf tussen die Afrikanerstudent en die onnasionale elemente op ons universiteite. Onder hierdie omstandighede is daar net een weg oop vir ons as lede van 'n volksuniversiteit wat nie 'n verloëning van een van die heiligste beginsels van die Afrikaner sal wees nie. Ons moet alle betrekkinge afbreek met U. Wits, en ook U.K., wat weier om op eksplisiete wyse die beginsel van rassesuiwerheid te bekragtig, en ons aansluit by die Afrikaanse minderheidsgroepe op hierdie universiteite sowel as by U.P., P.U.K., vir C.H.O., U.K.O.V.S. en die ander kerklike en kultuurliggame wat reeds onomwonde hulle standpunt gestel het.

Die liberale skool gaan uit van die standpunt dat elke individu, afgesien van sy bepaalde ras volgens sy meriete behandel moet word, en nie as lede van wat hulle as kunsmatig afgebakende bevolkingsgroepe beskou nie. Volgens hierdie atomistiese staats filosofie, moet die Afrikaner se Christelik-Nasionale lewensbeskouing t.o.v. van die kleurvraagstuk vervang word met 'n soort super-Suid-Afrikaanse patriotisme, waarin elke individuele lid van die gemeenskap, of hy nou blanke, naturel of kleurling, is, dieselfde regte en vryhede geniet. Tot sy logiese konsekwensies gevoer beteken hierdie opvatting algehele verbroedering en assimilasie met die nie-blanke.

As lede van die Afrikanernasie stel ons ons egter op die standpunt van die onskendbaarheid en solidariteit van die Afrikaners as bevolkingsgroep, wat deur die Afrikanerbaan-

*Vervolg bls. 2 kolom 3.*

## Volkekundiges Bepleit Segregasie

### Dre. Coertze, Van Eeden en Mnr. Language spreek A.N.S. toe

**„Die huidige stryd aan ons Universiteit gaan oor die vreemde houding van vreemde mense," het dr. P. J. Coertze beweer by geleentheid van 'n A.N.S.-vergadering verlede Maandagaand.**

Dr. Coertze het daarop gewys dat die idee van die gelykstelling van alle rasse ontstaan het in die Franse Rewolusie, met sy beginsels van vryheid, gelykheid en broederskap.

Ons voorvaders wat hierdie beginsels nie toegepas het nie, het vir die eerste keer daarmee kennis gemaak op die Oosgrens, waar dr. Philips e.a. dit prakties toegepas het. Die toepassing van die gelykheidsbeginsel het die grensbewoners verhinder om hulle lewens en eiendom doeltreffend te beskerm, en was een van die oorsake van die Groot Trek.

In 1852 kry die naturelle stemreg in die kolonie met die gevolg dat daar met hulle verbroeder word om stemme te vang. Sodoende het die naturelle stem in sewe setels die deurslag gegee.

Indien die naturel op ekonomiese gebied gelykgestel word sal dit beteken dat die blanke orals uitgedruk sal word, omdat die lewensstandaard van die naturel soveel laer is.

*In die Republieke is die beginsel van gelykstelling nie aanvaar nie, maar is die naturel beskou as 'n onderdaan van 'n vreemde staat. Dit moet ook ons standpunt wees volgens spreker. Die naturel moet in sy eie kring toegelaat word om te ontwikkel volgens sy aard en tradisies.*

MNR. LANGUAGE.

Mnr. F. J. Language, wat na dr. Coertze aan die woord gekom het, het gesê dat hy alles beaam wat die vorige spreker gesê het. Hy verwys na die stryd tussen Liberalisme en Nasionalisme in Suid-Afrika, 'n stryd wat ook die naturelle betref. Die vraag is: watter een van die

*Vervolg bls. 2 kolom 4.*

## Dr. A I. Perold oor „Leierskap"

### *Hoë Vereistes vir Leiers*

**In sy toespraak voor die A.N.S.-tak verlede Maandagaand het dr. A. I. Perold daarop gewys dat daar aan ons Universiteit beter voorsiening gemaak moet word vir die opleiding van toekomstige volksleiers. Hiervoor is o.a. 'n Departement van Staatsleer nodig wat voorsiening sal maak vir b.v. die intensiewe studie van verskillende staatsvorms.**

Dr. Perold het kortliks gewys op die omwentelinge in die hele wêreld en die verskillende strome in ons eie volk. In hierdie tyd het ons leiers nodig wat ons reg sal lei.

EIENSKAPPE VAN LEIERS

'n Leier moet aan verskillende vereistes voldoen. Die belangrikste is dat hy 'n sterk persoonlikheid moet hê, wat deur opvoeding tot sy volle sterkte kan ontwikkel.

Ons het verstand gekry om kennis op te doen omtrent die natuur om ons, maar ons het ook die Woord van God gekry om ons rigting aan te dui. Dit moet die handleiding van 'n leier wees, soos dit ook die geval was met Pres. Kruger.

Verder moet 'n leier kennis en liefde vir sy werk hê. Hy moet 'n sterk karakter, 'n goed-balanseerde uitkyk op sake en 'n onuitputlike werkkrag besit. Hy mag nie werk vir selfverheerliking en eie belang maar moet 'n onuitroeibare geloof hê in sy saak en in die roeping van sy volk. Hy moet nie vrees ken nie en moet bereid wees om sy lewe te gee vir sy saak.

„Ons het sterk leiers nodig, want ons moet 'n nuwe rigting ingaan," het spreker gesê. Indien ons volk sy roeping wil vervul moet ons 'n Christelik-Nasionale staat kry waarin die Afrikaner sy stempel op die bestuur van die land kan afdruk. Die Vryheidsmanifes van die A.N.S. is 'n uitstekende aanduiding van wat ons wil hê, en spreker vereenselwig hom volkome daarmee.

CHRISTELIKE NAS. SOS.

Dr. Malherbe het onlangs beweer dat Christelikheid en Nasionaal-So-

*Vervolg bls. 3 kolom 2.*


**Suikerbossie Melksalon.**

HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van

OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS

Offisiële agente vir al die Universiteits Kleure.
Huidige Studente wapens 7/6.
Oudstudente Wapens .. 10/6.
Kleurbaadjies gemaak na maat £4 kontant.
*Bestel dadelik, voorrade word min.*
**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur

**Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy**
Groote Kerkgebou 314,
Bus 1527, KAAPSTAD.

Teen die volgende pryse

£1-5-0 aan huidige studente.
£1-10-0 aan oudstudente en docente.
6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.

Plaasbestellings by
Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

**VAN ZYL**

Posbus 233. Foon 791.

DIE SPORT HUIS

van die

PAARL.

*Raadpleeg ons vir*

MANSKLERE

asook

Enige soort Sportbenodighede wat die seun of man nodig het.

*DEUR DIENS GROEI ONS!*

**„Die Uitspan.”**

Kom Span Uit en Rus, en Geniet U Verversings en Etes by

**„DIE UITSPAN.”**

*Ons Personeel is tot U Diens.*

*Ons Terme is Billik.*

**Van der Stel Fietswerke**

*(Eienaar: PAUL ACKERMAN)*

*Studente !*

Ondersteun jul ou Fietsdokter

*Alle werk gewaarborg.*

*Hou Koers Reguit na—*

**PERL SE APTEEK**

CUTHBERTGEBOU,

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

Vir al u Medisyne, Toilet en Fotografiese benodighede.

**PLAZA**

Foon 0013.

**Alleen op Vrydag 24 Oktober**

'n Spesiale Middagvertoning om 3 uur n.m.

*Op Spesiale Versoek.*

*Charles Boyer*

*Danielle Darrieux*

*In die groot Franse Klassieke Sukses*

**„MAYERLING.”**

Dialoog in Frans. Kommentaar in Engels

ROUX BROERS (Eiens. Bpk.)

ATLAS-GEBOU, KAAPSTAD.

Volledige Mans- en Damesuitrusters en Kleremakers.



## DIE MATIE.

Redakteur: W. A. Joubert.
Ass.-Redakteur: P. A. Theron.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.

DEEL I. 17 OKT. 1941. No. 12.


## VOLKSORGANISASIE

Planologiese volksorganisasie het in ons tyd 'n belangrike gesigseinder van die denkende Afrikaner geword, en reeds veel is hieroor gesê en geskryf deur ons rigtingbewuste leiers wat die stroming van die nuwe tyd vertolk. Tog is daar menige wat nie hierdie opvattinge begryp nie, en dit is één van die vernaamste taakstellinge van die A.N.S. om op hierdie gebied, meer as op enige ander, die voortou te neem. Soos ons Ere-President, Dr. J. F. J. van Rensburg, in sy welkomswoord aan ons blad in die eerste uitgawe gesê het: „Deur sy onlangse kongresbesluite het die A.N.S. weereens bewys dat hy die durf en die wil het om aktuele probleme aan te pak en die weg voor te berei na die toekoms, na die Afrikanerdom van môre en oormôre. Mag dit ook die hooftaak van *Die Matie* wees.''

Die *raison d'être* van volksorganisasie moet gesoek word in die steedsgroeiende reaksie teen die toestand van betreklike skaakmaat en onbevoegdheid om ons groot probleme te kan oplos in die huidige party-politieke stelsel. 'n Dertigjarige ondervinding van ons uitheemse parlementêre stelsel het die Afrikaanse volksmassa oortuig van die bloedloosheid van die ingevoerde present uit 'n vreemde land. Die Afrikaner het geleer dat parlement beteken „praatplek.'' En as hierdie volksvreemde affêre doeltreffende regering kon aanbied, hoekom was dit dan nodig om buitekant die „heilige'' parlement 'n Reddingsdaadbond te stig om ons volk van algehele ondergang te red?

### ONS VRYHEID

Die „vryheid'' waarvan die liberaliste so baie praat, het ons geleer, is die vryheid van die ryk man om nog ryker en die arm man om nog armer te word. Hierdie soort „vryheid'' bied die A.N.S. vaarwel, en sonder krokodiltrane ook.

Met sy Vryheidsmanifes van 1940 het die A.N.S. reds 'n begin gemaak om groter ideale te verkondig as die „vryheid'' van die enkeling om sy kleinlike eiebelang ten koste van volk en vaderland te bevorder. Die vryheid wat ons nastrewe is VOLKSVRYHEID, en aan hierdie grootse ideaal sal die enkeling sy selfsugtige eiebelang moet onderwerp. Derhalwe maak Art. 3 van die Vryheidsmanifes voorsiening vir „'n President, (wat), deur die volk vir 'n bepaalde tyd verkose en *verantwoordelik aan God alleen*, met bystand van 'n Uitvoerende Raad en Volksraad van gebieds- en beroepsverteenwoordigers, *'n regering van gesag sal voer.''* Alleen deur middel van hierdie gesentraliseerde gesag kan grootskaalse Volksorganisasie tot stand gebring word. Hierdie Volksorganisasie sal berus op, eerstens, 'n sterk nasionale lewensbeskouing wat gemeenskapsbelange eerste stel en, tweedens, die noodsaaklike dissipliënering van die Volksmassa.

Altyd moet onthou word dat 'n staatsvorm nie 'n doel op sigself is nie, maar 'n middel tot 'n doel, nl. die handhawing en bevordering van die volksbelange. Dus het professor T. J. Hugo van die Universiteit van Pretoria in sy referaat voor die A.N.S. Kongres in 1937 gesê: „As hierdie staatsinstrument 'n middel geword het om ons volkskarakter te bederf, as dit ontaard het tot 'n burokrasie met sy stapels van rooilintjie-dokumente, sy omkoopbaarheid, sy bloedloosheid en daadloosheid — dan word dit tyd dat die volk tot ontwaking kom en deur een mannedaad bewys dat hy weet wat hy wil.''

Ten slotte sal die leë praters en demagoë van alle soorte en skakeringe in 'n planologies-georganiseerde staat daardie energie konstruktief moet aanwend wat hulle tans verkwis met die uitoefening van hulle sg. „reg van protes'', wat beteken die „reg'' van dilettanti om die onkundige volksmasse te mislei. Hulle geklets oor „vryheid'' laat ons aan Goethe se woorde dink: „Sie glauben sich nicht frei wenn sie sich nich selbst und andere schaden können.'' („Julle glo julself nie vry nie wanneer julle nie julleself en ander skade kan berokken nie'').

## Dringende Oproep om Grootmoedigheid

*Op Juniordag het 'n beeld van Oom Paul uit Huis-de-Villiers verdwyn. Daar dit 'n baie kosbare besitting is van mev. Dreyer, sal sy dit hoog op prys stel as dit weer teruggebring word.*

*Vervolg van bls. 1 kol. 2.*

brekers in hulle optrede teenoor nie-blanke groepe as beginsel vir die nageslag neergelê is, in teenstelling met die opvattings van ander koloniale groepe in Afrika. In ooreenstemming met die tradisionele Afrikaanse beleid van voogdyskap teenoor die naturel wil ons die Bantoe as selfstandige en aparte volk ontwikkel deur 'n verligte segregasiebeleid. Enige ander vorm van samewerking op ekonomiese en sosiale gebied beskou ons egter as noodlottig vir die bestendiging van die blanke beskawing in Suid-Afrika.

Die samewerking wat U. Wits en die NUSAS-takke van U.K. en ander inrigtings met Fort Hare beoog, bring verder in herinnering die rampspoedige gevolge van s.g. „wetenskaplike” samewerking van blankes en nie-blankes om dieselfde tafel. Die klassieke geval van die konferensie wat in 1930 in Fort Hare gehou is, het ten oorvloede bewys dat hierdie wetenskaplike kontakte haas onoorkomelike moeilikhede in die praktyk oplewer. Die Afrikanerstudent meen dat die geleentheid wel gebied word om homself deur middel van wetenskaplike publikasies e.d.m. te orienteer i.v.m. die rassevraagstuk. Dit impliseer egter geensins dat alle persoonlike kontakte met die naturel in die ban gedoen word nie.

In die lig van bogenoemde feite is ons verplig om alle betrekkinge met die studentegemeenskappe van U.Wits en U.K. af te breek, veral nadat 'n beleid van onderhandeling vrugteloos geblyk het. Intussen sal ons ons beywer om nouer samewerking op sport en sosiale gebied met die ander Afrikaanse universiteite te soek, en neem ons met groot instemming kennis dat so 'n Afrikaanse sportunie reeds in vooruitsig gestel word.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

## *Plateprogram Sondagaand, 19 Oktober, 8.30*

### Die Matthéüs-passie — J. S. Bach (1685—1750)

Hierdie meesterstuk, wat deur kenners beskou word as die hoogtepunt van Protestantse kerkmusiek, is vir die eerste keer uitgevoer op Goeie Vrydag, 1729, in die Thomaskerk in Leipzig. Alhoewel die passie na dié datum dikwels uitgevoer is, het dit gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu in vergetelheid geraak, totdat dit, as gevolg van die optrede van Felix Mendelssohn, in 1829 weer uitgevoer is. Sedert dié datum is die Matthéüspassie aangeneem as een van die kosbaarste besittings van die mensdom.

Bach het die woorde van die passie hoofsaaklik geneem uit die sesen-twintigste en sewe-en-twintigste hoofstukke van die Evangelie van Matthéüs. Dit handel natuurlik oor die lydensgeskiedenis van Christus. Verder is die teks aangevul deur woorde van die skrywer Henrici, en deur korale wat Bach self uitgekies het.

Die middels waarvan die komponis gebruik maak in hierdie reusewerk is 'n dubbele koor, 'n aanvullende („ripieno-”) koor van sopraanstemme, 'n dubbele orkes, twee orrels en vyf soliste.

Die Musiekvereniging wil sy dank uitspreek aan dr. Con de Villiers vir die leen van die plate.

*Piet Malherbe.*

*Vervolg van bls. 1 kol. 3.*

standpunte gaan seëvier.

Die liberalistiese standpunt is baseer op die beginsels van gelykheid, vryheid en broederskap, en die toepassing daarvan sal lei tot stemreg aan alle inwoners van die land bo 21 jaar. Dit is die logiese uitvloeisel van die liberalistiese standpunt.

*Die Nasionale standpunt beoog die behoud van ons volkseie en volkstradisies. dit misken nie die reg van die Bantoe nie.*

Oor hierdie beginsels kan geen kompromie aangegaan word nie; een of die ander moet gekies word. B.v. 'n Kongres wat in 1930 op Fort Hare gehou is en waarby blankes sowel as gekleurdes teenwoordig was, het duidelik gewys dat gelykstelling op slegs een gebied onmoontlik is. Waar slegs bedoel was om saam konferensie te hou, was dit nogtans onmoontlik om gelykstelling op die gebied van sosiale verkeer te verhoed.

**Spr. het ten slotte daarop klem gelê dat gelykstelling op wetenskaplik gebied nie nodig is om die wetenskap te bevorder nie.**

### DR. V. EEDEN.

Dr. B. I. C. van Eeden het hom volkome met sy kollegas vereenselwig en daarop aangedring dat ons ons op die Christelik-Nasionale standpunt stel wat geen gelykstelling tussen blank en gekleurd duld nie. Ons *moet* die standpunt van die nieblanke in die oog hou en hulle toelaat om langs hulle eie weg te ontwikkel, maar dit kan net geskied op grond van differensiasie.

## BRIEWEBUS.

Mnr. H. G. C. — U brief is nie ter sake nie.

## Uit die Vryheidsmanifes van die A.N.S.

9. Die Staat beoog die regverdige aanwending van al sy natuurlike en produksiebronne ten bate van die hele gemeenskap, en hierin sal nie geskroom word om gevestigde belange aan te tas nie.

**Rook Springbok Sigarette.**

# Op Ons Sportvelde

## Vooruitsigte van Somersport

### ATLETIEK

As 'n mens jou deesdae na Coetzenberg begeef, sien jy daar op die anderkantste velde hoe die manne alweer druk besig is om te oefen — dis hoogspring en verspring, dis gewigstoot en spiesgooi, dis hekkiesloop en hardloop dat die tonge uithang, want die 25ste Oktober is dit weer die Maties en Ikeys wat mekaar se kragte gaan meet. Die Ikeys het alweer met hulle grootpraat politiek begin om die doodsvrees in die Matie-manne in te ja. En daar is so 'n klein huiwerinkie in ons harte want Chris du Toit se arm is moeg; hy mag nie vanjaar weer deelneem nie sê die dokter. Dit is hy wat ons staatmaker-kaptein is. Piet de Wit se voet is seer, hy sal ook moontlik nie die 2 myl vir ons kan wen nie. Vat Morkel is die wye wêreld in, miskien sal hy darem op Groote Schuur uitdraai. Maar ons mag nie die jong klomp vergeet nie, dis hulle wat vasberade die plekke van die oues gaan vul. 'n Mens kan enige ding van hulle verwag.

#### KOMPETISIES

Die Paarl is ook lus vir ons en elke Woensdagaand is daar kompetisies op Groenpunt gereël. Vroegvroeg aanstaande jaar kom die Puik athlete van die hele land se universiteite en kolleges om te kyk of hulle nie die Dalrymple-beker van ons kan wegvat nie.

#### BAIE ATLETE VERTREK.

Van Dalrymple gepraat — dis hier waar ons hartseer word as ons dink aan al die grotes wat ons gaan verlaat — vanjaar se kaptein, Chris du Toit, die houer van die Inter-universitêre werpskyf rekord en baas verspringer; Blommaert, wat vanjaar die hoogspring en paalspring vir ons gebuit het en 'n nuwe paalspring rekord geskep het. Daar is egter 'n vae moontlikheid dat hy dalk nog hier sal wees; Potgieter, ons kranige naelloper, wat seker twee eerste plekke sou gevul het; en Hans van der Merwe wat soos seep oor die hekkies glip — maar van hom het ons ook 'n voëltjie hoor fluit, dat hy ons dalkies weer sal verteenwoordig. Maar ons harte word weer blyer as ons aan die veelbelowende jongspan dink, daar gaan nog groot manne onder hulle verrys.

#### TOEKOMS NIE TE DUISTER

As ons so 'n sieners blik oor die toekoms werp dan lyk dinge taamlik rooskleurig. Ons veld-atlete sal heelwaarskynlik goed vaar hierdie seisoen. Ons lang afstand manne is ook nog daar, dis net 'n naelloper wat ons kort kom as Potgieter weg is. Ons hekkieslopers laat niks te wense oor nie, net jammer Patal Myburgh se bene was nie 'n flentertjie langer nie, dan sou hy 'n waardige opvolger van Hans oor die hoë hekkies gewees het.

#### NUWE BAAN

En die grootkoppe praat-praat so onder mekaar van 'n splinternuwe renbaan — altemit van fyn gras — en dat al die opdraends en afdraends gelyk gemaak sal word, sodat ons selfs die stoute vrymoedigheid sal hê om eendag te vra dat die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe hier gehou word. En dink aan al die rekords wat gebreek sal word!

**Net soos enige ander klub kan die atletiek-klub nie op sy beste vertoon tensy daar talryke geesdriftige ondersteuners is nie.**

## Rugby se Laaste Stuiptrekkings

Ons het almal gemeen dat die voetbalseisoen afgeloop is, maar Saterdag het 'n span, saamgestel uit die 1e, 2de, 3de en 4de spanne, na Malmesbury oorgereis om daar in 'n voorwedstryd teen 'n plaaslike span op te tree. Na 'n harde geswoeg het die rooispan van windlose manne die oorwinning behaal met 11 punte teen 8.

## *Fratse op die Krieketttoer*

*Deur Een van Hulle.*

Omstreeks 3.30 n.m. op Donderdag 25 Oktober het die Krieketspan vertrek op 'n toer na die Oostelike Provinsie. Die uitslae van die wedstryde het in die vorige „Matie" verskyn, maar dis tog nie die belangrikste deel van die toer nie. Dis mos die bykomende dinge wat tel.

#### TRADISIE GEHANDHAAF

Op 'n uiters geslaagde manier het die toer begin toe die tweede „halfjêk" reeds by Koelenhof deur die venster trek . Hierdie standaard is egter nie gehandhaaf nie ,want oor die algemeen het die kêrels geensins te diep in die bottel gekyk nie en het hulle ongelooflik vroeg (tussen elf en twaalfuur) gaan slaap. Dit was seker ook maar goed, hoewel die mening ook bestaan dat hierdie skielike verandering van leefwyse die krieket van party lede van die span ongunstig beïnvloed het.

#### DU BOIS LIEF VIR TONNELS

Die reis Port Elizabeth-toe was nogal aangenaam, hoewel daar nie juis baie gebeur het nie. Treffend was egter die gebruik wat Klaas du Bois van die reeks tonnels tussen Oudtshoorn en George gemaak het. Sy taktiek was eenvoudig: sodra daar 'n tonnel in vooruitsig was, het hy die aantreklikste meisiemens op die horison bygedam met die woorde: „Juffrou, laat ek jou oppas. Mens kan mos maklik in hierdie donker tonnels verdwaal!" Ons verneem egtr dat die beskerming wat hy aangebied het, alte dikwels herinner aan dié wat Duitsland volgens die Engelse koerante aan klein state aanbied.

Saterdagoggend het ons by Port Elisabeth aangekom en dié dag ook 'n wedstryd teen die P.E.-Klub gespeel. Na die wedstryd is daar ordentlik „paartie geskop" en 6 dosyn bottel bier was nie bestand teen 'n elftal Matie-dorste nie.

#### VAT EN KLAAS VERLIEF

Sondag het ons op P.E. deurgebring ,die meeste van die span by Humewood. Vir Vat Morkel en Klaas du Bois was dit egter 'n groot dag. Hul het verlief geraak op twee skoolmeisies van ± 15 jaar, die saak het uitstekend gevorder en hul verseker ons dat as die moed nie ontbreek het nie, die ouers-vra-sakie ook sou geskied het.

#### JAN DE KOCK 'N LEGENDARIESE FIGUUR

Maandagaand het ons by Grahamstad aangekom, waar die naam Jan de Kock legendaries geword het deur 'n interessante voorval by geleentheid van die Boks-Intervarsity 'n jaar of twee gelede. Hy het glo na afloop van 'n baie geslaagde partytjie die vermoede gekry dat die polisie besig was om hom te agtervolg en het die laaste 100 tree na Kollege-Huis agteruit afgelê om hulle onder die indruk te bring dat hy besig was om in die teenoorgestelde rigting weg te stap.

#### GRAHAMSTAD

By Rhodes is ons besonder goed onthaal en die vriendelike kêrels en behoorlike meisiemense het 'n besonder goeie indruk op ons gemaak. Dit was ook aangenaam om te verneem dat Stellenbosch se naam by hierdie Universiteit baie hoog aangeskrewe staan.

#### OROS-DRINKERY

Na ons wedstryd teen Kingswood, het die Prinsipaal 'n skemerpartytjie gehou. Hy het ons smaak egter verkeerd geoordeel, want terwyl die bottels Oros die skinkbord vol gestaan het, was die hoeveelheid harde hout ietwat beperk. Ons het ons egter nie laat afskrik nie, met die gevolg dat die Prinsipaal pal brandewyn moes aandra terwyl die Oros met rus gelaat is. Martin Louw en Jakkals de Jager het albei egter 'n stywe dop Oros en Lemonade gesteek.

Donderdagaand het Rhodes vir ons 'n baie aangename dinee en dans gehou. Op laasgenoemde het Jakkals sy vernuftigheid in die danskuns getoon deur 'n Stadige Jakkalspas van die begin tot die end op Walsmaat te dans. Voorwaar 'n prestasie! Hein Loubser se klavierspel het die bewondering van die Rhodes-studente uitgelok ten spyte van die feit dat die drank-toevoer uiters beperk was. Ons het die dans met Matie-voetballiedjies, wat baie byval gevind het, afgesluit.

(Word vervolg).

## Bofbalspan stel teleur

Ons eerste span het verlede Saterdag hul eerste botsing van die seisoen, 'n vriendskaplike wedstryd teen Clyde, met 3 lopies teen 8 verloor. Ons spelers sal nog baie moet oefen, want dit was duidelik dat hul afgerondheid in hul spel kort. Daar was de Wet, wat gewoonlik onverbeterlik speel, het tweekeer swak na eerste rus gegooi. Sy gooiwerk na die plaat was egter goed en sal nog die nagmerrie van menige bofbalspeler wees. Steyn en Brink was ook nie so akkuraat nie. Ons kolfwerk het baie te wense oorgelaat, maar dit is te wyte aan die moeilike gooiwerk van Gibbs en aan die nat veld wat eenvoudig nie die balle ver wou laat trek nie. Die kêrels het getoon dat hul oog in is en op 'n droë veld en teen 'n ander gooier behoort hul goed te vaar .

#### NUWELINGE

Daar is 'n hele paar nuwelinge in die eerste span opgemerk, soos spokie Reits, Bosch, Siecker en Theron. Laasgenoemde het goed vertoon op die eerste rus en behoort sy plek in die span te behou.

**Stadler en Ko.,**
**(Eiens.) Bpk.**

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware
Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir
OLIVER PLOEË.

**HALDENWANG!**

Bak heerlike koek, tert, brood, bolletjies, pasteie en alles wat smaaklik is.

*Besoek ons winkel in*
PLEINSTRAAT.

*ONDERSTEUN*
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
**R. MÜLLER**
Eerste vir:
KLAVIERE, DRAADLOOSTOESTELLE EN ALLE ANDER SOORTE MUSIEK-INSTRUMENTE.
Grootste voorraad MUSIEKBOEKE EN MUSIKALE BENODIGDHEDE.
Kwaliteit skep Tevredenheid — Tevredenheid — Reputasie.
Spesiale afdeling vir beste
WAPENS EN PATRONE.
**R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.**
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.

**DIE**
**PÊRELSE**
**STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar: Mnr. W. Marsh.